




# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 9 SEPTEMBER 2018**

*"Wees inskiklik (vriendelik, welwillend) teenoor alle mense. Die Here is naby."*
*Filippense 4: 5*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Sending in Mosambiek, Malawi en Zimbabwe.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-7 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 10 vergader nie vandag nie—ds Danie is uitstedig. Gr 9 en 11 vergader soos deur die dominee gereël.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee ontmoet jou graag na die diens voor die kansel.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENSTE:** Om 09:00 in kerkgebou (ds Robert) en in Vleesbaai (ds André).

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir die Bediening aan die Jode.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-7 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 10 vergader 10:00 in die kerksaal. Gr 9 en 11 vergader soos deur die dominee gereël.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

**Ds Danie:** Maandag 15:00 (Santos 2 sitkamer).
**Ds Robert:** Dinsdag 09:00 te 17de Laan 18 en 19:00 Tienie Bothastr 3.
Donderdag 09:00 Vleesbaai/Rietvlei.
**Ds André:** Dinsdag geen bybelstudie.
Woensdag selgroep om 18:30 te Boekenhoutstr 8.

**Dinsdag:** Ringsitting.
**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 by Santos 1(ds Robert).
**Donderdag:** Manne bid om 06:00 in die "gat".

## BANKBESONDERHEDE

*Dankoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*

*Geloofsoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## BELANGRIKE INFO

**KOSKAS:** September is **Streek C** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**DEURKOLLEKTE:** Sinodale offer vir Instituut vir Dowes was R3278-60.

**PITLOSE ROSYNE:** Te koop by die kerkkantoor @ R25/500g of R50/kg.

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier lekker saam en leer mekaar beter ken.



**70 PLUSSERS TEE:** Vind plaas op 19 September om 15:00 in die kerksaal. Ons benodig gasvrouens. As jy kan help, kontak asseblief die kerkkantoor.




**ZIMBABWE/MALAWI/MOSAMBIEK:** Die werk in die suide van Zimbabwe het in 1891 begin. Ons ondersteun veral teologiese opleiding, mediese dienste by hospitale en klinieke asook literatuur ontwikkeling. Daar is 'n Kweekskool op Morgenster en in Harare is CAVA (Christelike Oudiovisuele Aksie) wat Christelike lektuur ontwikkel en versprei. Die gemeentes in Zimbabwe is versorgende en getuigende geloofsgemeenskappe wat te midde van moeilike ekonomiese en politieke omstandighede, hulle lig vir Christus laat skyn.
Die werk in Malawi het in 1889 begin. Die CCAP Nkhoma-sinode het 162 gemeentes met 184 leraars. Die NG Kerkfamilie ondersteun tans die voortgesette teologiese opleiding, mediese dienste, verpleging, die omgewingsdepartement wat boomplanting bevorder, weeshuise vir vigswesies en jeugwerk.
Die in Mosambiek het in 1908 begin maar is telkens onderbreek deur regerings-teenkanting en burgeroorlog. Daar is vandag 100 000 lidmate in die Igreja Reformada em Mozambique (IRM).

"Always always give your best... And remember, God never fails to take care of the rest."

Rachel Sazon-Reyes
Wednesday - Oct 10, 2012(6:01 pm)



# GEBEDSBULLETIN

**Tema vir September: ONS BEPROEWINGE**

**Hierdie week se GEBED EN SMEKING:**
* Gebedsherlewing - in ons huise, gemeentes, dorp en land.
* Om mekaar te ondersteun te midde van beproewinge/swaarkry.
* Bid vir mense op ons gebedslys en ander wat u ken wat siek is.
* Hernuwing van geloosbelofte-offers.
* Ringsitting en kerkraadsvergadering.
* September is kinder-kanker-bewustheidsmaand. Bid vir kinders met kanker; dra hulle ouers en grootouers aan die Here op; bid dat hulle nie pyn en ongemak sal hê nie. Bid vir 'n bewustheid van die Here se liefde en dat hulle steeds vreugde en hoop sal hê.
* Onsekerheid tov landsake: ekonomie, grondkwessie, landbou, onderwys.

**Hierdie week se DANKSEGGING:**
* Lees Jak 1:2-4 en dank die Here daarvoor.
* Meer as 'n eeu wat die NGK betrokke is in Zimbabwe, Malawi en Mosambiek (sien die berig elders).
* Sagte reën wat geval het.




**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Fynbosrand siekeboeg, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

| | |
|---|---|
| Dennis Viljoen Santos Haven | Bokkie Benn De Nova |
| Jan Cronjé Sederstr | Riekie van Rensburg Vleesbaai |
| Drienie Muller Mopaniestr | Johan (Bekkie) Muller Hoekbaai |
| Helen Jooste Gholflandgoed | Apie Smit Schoemanstr |
| Anna Basson Vleesbaai | |

**STERFTE:** Thea Westraadt Ons Huis